



Nuusbrief / Newsletter MAART/MARCH 2018

www.pmf.co.za

This e-newsletter is compiled from sources that are deemed to be reliable.

However, the publisher accepts no responsibility for any errors or the effect of any decisions based on this publication.

PMF engaging with SKA project



The Predation Management Forum (PMF) recently made recommendations on the Square Kilometre Array (SKA) project, which is situated near Carnarvon in the Karoo. It registered as an affected party at Digby Wells Environmental, a company providing environmental and social services, and used the opportunity to comment on certain aspects of the project.

Digby Wells Environmental provided information on the heritage resources management (HRM) process undertaken for the SKA project of the South African Radio Astronomy Observatory (SARAO).

The PMF informed the SKA community that it was very important to understand the natural behaviour patterns and biology of predators present in this specific area. Managing both fences and predators are key factors in ensuring the success and outcome of the management programme. The best possible management strategy for controlling predators is by using a good method of isolation (i.e. appropriate fencing).

Recommendations were made on the construction, management and maintenance of fences, as part of a predator management programme consisting of two distinct periods, namely:

- 1 a management programme for isolating the area with new fences; and
- 2 a management programme when the new fences have been completed and signed off.

Regarding the cost of construction and maintenance fees, the PMF recommended that the SKA project should pay the cost of constructing the fences; that the maintenance of boundary fences should be shared with direct neighbours and that the SKA project should pay an agreed amount annually to each direct neighbour, who will in return be responsible for maintaining the fences. As a prerequisite, all personnel and staff participating in this management programme should be properly skilled and qualified.

IEMP for the SKA project – call for public participation

The Minister of Environmental Affairs has given notice that the Integrated Environmental Management Plan (IEMP) for the SKA (Phase 1) be adopted.

Members of the public are invited to submit comments to the Minister by 16 April 2018. Telephone enquiries can be directed to A. Mocheke on 012 399 9315 and comments submitted to amocheke@environment.gov.za.

Bruin hiëna – moenie doodmaak nie



Predasiespesialis dr. Gerhard Verdoorn skryf dat die bruin hiëna, wat ook as die strandwolf, strandjut(wolf) of sommer bloot bruinwolf bekend staan, 'n unieke dier is wat wyd oor Suid-Afrika versprei is alhoewel hulle nie in groot getalle voorkom nie. Hy is verwant aan die gevlekte hiëna en die gestreepte hiëna wat in die noorde van Afrika en Midde-Ooste voorkom, maar sy gedrag verskil eenvoudig baie van die twee aanverwante spesies s'n.

Die strandwolf is beslis nie 'n wolf nie. Sommige wetenskaplikes plaas hom saam met ander hiënas as nader aan muis-honde as aan werklike honde wat aan die *Canis*-genus behoort. Tog is hiënas in alle opsigte predatore of roofdiere met baie stewige kake en enorme tande wat hulle die vermoë gee om nie alleen groot beendere te vergruis nie, maar ook om te kan jag en doodbyt as dit moet.

Daar is redelik min predasiegevalle waar bruin hiënas betrokke is, maar ter wille van duidelikheid deel hy graag ervarings van enkele gevalle die afgelope 30 jaar.

Een van die eerstes was in die laat 1980's in die Magaliesberg toe hy en sy vriend Danie Terblanche kranasvoëls by Scheerpoort gemoniteer het. "Ons het gereeld strandwolwe se spore gekry, asook hulle misplekke en reukmerke; ek glo steeds die Magaliesberg is een van die gebiede waar die strandwolf sterk staan," het dr. Verdoorn gesê. "Een Sondagoggend het ons een se spore gevolg waar hy oor 'n afstand van twee kilometer plek-plek stukke van 'n skaaplam uitgebraak het. Die geskatte gewig van die lam was meer as 15 kg. Of die strandwolf die lam self doodgemaak het, sal ons nooit weet nie maar die kans is wel daar."

'n Baie onlangse geval in Februarie vanjaar het afgespeel net buite Humansdorp in die Oos-Kaap. Die skaapboer het vroegoggend vier lammers gekry wat almal naby mekaar dood gelê het en 'n vyfde een waarvan die gesig afgevreet is.

"Ek het aangedui dat dit 'n bruin hiëna is wat so maak, waarskynlik 'n jong mannetjie, en die boer versoek om verder in die kamp te gaan soek. Daar het hulle nog vier lammers gekry, almal met dieselfde bytplekke agter op die skedels. Ongetwyfeld 'n bruin hiëna!"

Die beste twee aanwysers by kleinvee is groot tandgate agter op die skedel of op die nek, asook 'n groot aantal diere wat doodgebyt is. As dit kleinerige lammers onder 15 kg is, vreet die bruinwolf dikwels een heeltemal op en los net die kop en voerpote agter. As die predasie weer plaasvind, is dit altyd ou mannetjies wat so maak, terwyl wyfies met kleintjies soms een of twee diere sal doodmaak en meestal meeste van die karkasse sal vreet. Die eintlike sondebokke is maar die mannetjies.

Die vraag is: wat moet mens maak as so-iets gebeur? Strandwolwe vang regtig selde enige vee en uiters selde wild, want hulle is baie meer aasdieragtig as die gevlekte hiënas. Tog, as daar skade kom, maak mens 'n plan en die plan is om die dier met 'n stewige vanghok te vang en weg te neem na 'n reservaat. Dit is immers 'n uiters waardevolle aasdier wat bene vreet en sodoende lamsiekte voorkom.

Die beste lokaas is dooie hoenders of vleis van die karkasse van diere wat deur die hiëna doodgebyt is. Sodra die dier gevang is (wat gewoonlik baie vinnig is), gooi die hok met 'n seil toe om die dierasie koel te hou en skakel die natuurbewaringsowerhede om te help om die dier te verskuif en te hervestig. Dit is wel so dat wyfies baie ver draaie loop; een is gemerk in die Magaliesberg en ses weke later by Port Nolloth opgespoor! Dit wil gedoen word.


"Ek twyfel of daar 'n plaas in Suid-Afrika is waar daar nog nie 'n strandwolf sy merk gemaak het nie, maar die voorkoms van predasie is so skaars dat dit boere stomslaan as dit wel gebeur. Moenie probeer doodmaak nie, asseblief, skakel eerder vir hulp en raad om die dier te vang en te verskuif.

Kontak dr. Gerhard Verdoorn by 082 446 8946 of per e-pos: neshert@tiscali.co.za

Contact PMiC for assistance in predator control

The Predation Management Information Centre (PMiC) is your one-stop centre for all enquiries relating to predator control. You will be able to access contact details of national and provincial authorities, permit offices and predation management specialists. The PMiC is in the process of sourcing national and provincial policies and regulations on damage-causing animals. A telephone help desk will record and navigate your specific enquiry to provide immediate assistance.

Contact Quinette Kruger at 051 401 2210 or via email at PredationMC@ufs.ac.za or click on the link <https://www.ufs.ac.za/natagri/departments-and-divisions/animal-wildlife-and-grassland-sciences-home/animal-and-wildlife-and-grassland-sciences/alpru-home/products-and-services> to visit the website.



Stuur inligting

U word vriendelik versoek om enige inligting oor predasie, suksesvolle beheermetodes en interessante navorsing aan te stuur. Ons wil die jongste nuus hoor, asook enige aktiwiteite in u bedryf, en die datums waarop dit plaasvind. Wenke oor die voorkoming of bekamping van predasie, asook foto's, is welkom. Kontak Bonita by nwga@nwga.co.za.

